

# Grieksz Mitologie

## Hercules

(Herakles) en Sy Take



Daar was nog nooit 'n seun soos Hercules nie –hy was twee keer so groot en tien keer so sterk as enige ander seun. As hy sy arms geswaai het, het almal 'n paar vinnige treë terug gegee. As hy getrap het, het die hele land gebewe. Daardie seun was so sterk, hy het altyd meubels gebreek of goed per ongeluk stukkend geslaan.



Uiteindelik moes sy ma hom uit stuur om die bokke en skape op te pas om hom uit die moeilikheid te hou.



Wat die jong Hercules nie geweet het nie, was dat sy pa Zeus die god van donderweer was, en die magtigste van alle gode was. Aangesien sy een ouer 'n god was en sy ma 'n mens was, was Hercules 'n "half-god."




Maar as 'n half-god, was Hercules nie beskerm teen een kragtige gevaar - die godin Hera. Want Hera was die vrou van Zeus. En as vrou van Zeus kan jy verseker wees dat Hera nie gelukkig was dat haar man die pa van 'n kind van 'n ander vrou was nie.

Wanneer Hera daaraan gedink het, het dit haar woedend gemaak. En sy het baie daarvoor gedink.



Toe Hercules 'n baba was, het sy twee slange in sy krip in gestuur.  
Maar die super sterk baba het die slange met sy kaal hande  
vermorsel.



Toe Hercules groot geword het en 'n jong man geword het, het hy vyandelike invallers verdryf van 'n stad wat langsaan sy stad oor geneem was, 'n koninkryk genaamd Thebe. Hercules het die heel laaste indringer weggejaag.



Die Koning van Thebe kon weer regeer en die dankbare Koning het die jong held baie eerbewyse opgedoen.






Kort voor lank het Hercules die hart van die koning se dogter gewen. Hulle is getroud en het drie seuns gehad. Maar Hera, wat daarop uit was om die geluk van Hercules te verpletter, het die jong man betower. Onder haar betowering het Hercules mal geword en sy vrou en seuns vermoor.



Toe die betowering verby was en Hercules gesien het wat hy gedoen het, was hy verlam. Hy het in 'n hartseer so diep weg gesak dat hy gevoel het hy kon nie aan gaan nie.

Sy vriend Theseus, nog 'n jong held, het by Hercules gepleit om die Orakel by Delphi te besoek. Sy was die bekendste profeet in die land. Net die Orakel kon 'n antwoord gee van wat Hercules kon doen om op te maak vir wat hy gedoen het.



Wanneer die Orakel 'n vraag gevra is, het sy dikwels in raaisels gepraat en dit was moeilik om te weet wat sy sê. Maar hierdie keer was die Orakel duidelik.

Om vir sy sondes te betaal, moet Hercules tien jaar lank sy neef Eurystheus (ons sal hom “Eury” noem), Koning van 'n naby geleë land dien. Gedurende hierdie tyd, het die Orakel gesê, koning Eury sou hom tien onmoontlike take gee om te doen.




Want jy sien, die Orakel by Delphi kon in die harte van mense sien. Sy het geweet dat koning Eury niks meer sou wou hê as om van sy sterker, gewilder jonger neef ontslae te raak nie. Sy het geweet dat hy met tien baie moeilike, selfs onmoontlike, take vorendag sou kom.



Toe Hercules hierdie antwoord hoor, het hy geweet dit was sy keuse om te doen wat die Orakel gesê het. Was hy tog nie die sterkste man op aarde nie – die seun van 'n god? Tog het Hercules gevoel hy moet op een of ander manier vir sy sondes betaal. As dit 'n pad na daardie doel was om sy neef koning Eury vir tien jaar te dien, dan is dit wat hy sou doen.



Hercules het by die paleis van koning Eury aan gekom en vir hom die boodskap van die Orakel gegee. Sy ouer neef het geglimlag. Wat 'n gelukkige ruskans! Hy sou sekerlik met tien onmoontlike take vorendag kom. Dit sou sy gewilde jonger neef nog lank ver van hom en sy grond af weg hou.



As Hercules toevallig elkeen van die take verrig het, sou hy, koning Eury, die eer aanvaar. Maar as sy jonger neef toevallig gesterf het terwyl hy probeer, wel, dan is dit so.



Hercules se eerste taak was om die Nemeaanse Leeu dood te maak, 'n dier wat skrikwekkend was op die platteland daar naby. Die Leeu kon deur geen wapen seergemaak word nie, so daar was niks wat iemand kon doen om dit te keer nie.

Hercules het die Nemeaanse Leeu agterna gesit en dit in 'n grot vas gekeer. Hy het die dier met sy kaal hande verwurg en die leeu geslag.





Die held het die vel van die Nemeaanse Leeu om sy kop gehang, met die oop kop van die leeu oor sy eie gesig. Dit is hoe Hercules na die paleis van koning Eury terug gekeer het.

Die Koning was inderdaad verbaas, maar hy was gereed met 'n tweede taak.



Hercules sou die reuse Hydra-draakslang dood maak. Die Hydra het baie honger koppe gehad, elkeen het warm stoom uit sy slagtande geblaas. Nog erger, wanneer een slang kop afgesny is, sou nog twee in sy plek terug groei!

Maar Hercules het 'n plan gehad – terwyl hy elke slang se kop afgesny het, het sy neef dit vinnig geskroei en dan dit met vuur gebrand sodat die kop nie kon terug groei nie.



Maar omdat Hercules hulp gehad het met hierdie taak, het koning Eury dit nie getel nie. In plaas daarvan het hy Hercules 'n ekstra taak gegee.



Volgende moes Hercules 'n groot takbok na die koning terug bring wat die troeteldier was van die Athena, die godin van die jag, wat vir alle diere gesorg het. Athena se takbok het goue horings en hoewe van brons gehad en was vinniger as enige ander lewende wese. Hercules het haar troetel bok vir baie maande agtervolg. Uiteindelik het hy 'n pyl geskiet wat die dier gewond het.



Hy het die dier op sy skouers gedra en kom toe op niemand anders as die godin Athena haarself nie. Sy was geskok om haar troeteldier te sien wat so seer gekry het. Hercules het verduidelik hoekom hy gedwing is om die dier te vang, en hy het gesê hy is jammer.

Athena het verstaan. Sy het hom vergewe, solank hy ingestem het om die dier vry te laat. Hercules het ingestem. Dus het Athena die takbok se wond genees en Hercules haar troeteldier na koning Eury laat terug dra.



Koning Eury was verstom om te sien hoe Hercules sy troonkamer binnestap, met Athena se takbok! Maar hy het 'n ander taak gereed gehad, net vir ingeval.



Hercules sal 'n vreesaanjaende vark moet vang - 'n wilde vark met 'n slegte humeur en lang, gepunte slagtande. Elke dag het die vark teen die bergwand afgestorm en alles in sy pad aangeval en dood gemaak.

Hercules het die wilde vark in 'n diep hoop sneeu gejaag. Hy het dit in 'n net vas gevang en die net, met die dier daarin, terug na koning Eury gedra.



Nou het koning Eury nie geweet wat om te doen nie! Kon niks of niemand Hercules verslaan nie?

Koning Eury het geweet die volgende taak moes werklik onmoontlik wees.





'n Koning in Griekeland was bekend vir sy groot troppe goeie beeste. Elke nag het sy meer as 3 000 beeste by sy koninklike stalle gebly. Tog was die stalle nog nie eers een keer skoon gemaak nie. Jy kan jou die gemors voorstel!



Koning Eury het geweet dit sou onmoontlik wees om die Koning se stalle skoon te maak, selfs al het jy 'n leeftyd. Maar hoe onmoontlik sou dit wees om die stalle in net een dag skoon te maak! Dit was die volgende taak.



Hercules het na die Koning gegaan wat die puik beeste besit het. Hy het gesê hy sal die koninklike stalle binne een dag skoon maak, op een voorwaarde. Die voorwaarde was dat die Koning hom 10 persent van sy goeie beeste sou gee.

Die koning kon nie glo dat iemand die stalle kon skoon maak nie, punt. Maar as hierdie vreemdeling so iets op een dag kon doen, was dit die prys werd.




Die volgende oggend nadat die beeste uit gegaan het om te wei, het Hercules 'n groot gat aan die een kant van die stal muur geskeur, en nog 'n groot gat aan die ander kant. Toe het hy twee breë slote gegrawe langs twee riviere wat daar naby gevloei het.

Hy het die loop van beide riviere in een stroom verander en die vloei van die stroom in die gat in die stal muur gerig. Die twee riviere het regdeur gestroom en alles het ander kant uit gevloei! Teen die einde van die dag was die stalle so skoon as moontlik.



Die Koning het vir Hercules die beeste gegee wat hy belowe het.  
Maar koning Eury het gesê die taak tel nie omdat Hercules betaal is.  
En so sal hy nog 'n ekstra taak moet doen.

Daar was ander take...



... Hercules moes 'n swerm mens vretende voëls verdryf.



... Hy moes 'n Minotaurus grond toe stoei.



... Hy moes 'n strydwa van wilde perde ry en hulle mak maak.





... Hy het na die verre land van die Amasone vroue gegaan en die koningin se gordel terug gebring.



... Hy het selfs tot aan die einde van die wêreld gereis.



Die volgende taak was die moeilikste van almal. Hercules moes die goue appels kry wat aan Zeus, die koning van die gode en sy eie vader, behoort het. Wat hierdie taak werklik onmoontlik gemaak het, is dat die goue appels 'n trou geskenk was van Hera, die vrou van Zeus en die einste godin wat hom gehaat het. Tog het Hercules hierdie taak ook volbring. Hy het Atlas, wat die wêreld op gehou het, mislei om dit vir hom te doen.



Uiteindelijk was die finale taak van Hercules die onmoontlikste een van almal. Hy moes diep onder die aarde na die Onderwêreld gaan, die land van die dooies. Niemand het ooit na die Onderwêreld gegaan en lewend terug gekom nie.



Om dit nog meer onmoontlik te maak, was die taak om die driekoppige hond Cerberus wat die poort na die Onderwêreld bewaak het, te ontvoer en die dier lewendig terug te bring. Wat erger is, is dat Cerberus die troeteldier van Hades was, die god van die Onderwêreld.



Koning Eury het geweet dat Hades niemand sou toelaat om sy troeteldier skade aan te doen nie. Maar hy het geen probleem gehad om Hercules te laat seer kry nie!

Toe Hercules by die Onderwêreld kom, het hy Hades gaan sien. Hy het vir Hades gevra of hy sy troeteldier vir 'n rukkie mag leen en hom na die land van die lewendes neem. Hercules het belowe om hom nie leed aan te doen nie. Hades was beïndruk dat Hercules eers toestemming kom vra het, in plaas daarvan om teen sy troeteldier te veg, en daarom het hy ingestem.



Toe Hercules met die drie koppige hond na koning Eury se paleis kom, het die koning van vrees gevries en toe agter sy troon ingestorm. Koning Eury het van agter sy skuil plek vir Hercules gesê dat hy krediet het vir die finale taak, en in alle take, en dat hy dadelik moet gaan en die dier saam met hom neem. So het die taak van Hercules geëindig.



Hercules het sy take voltooi, altesaam 12. Hercules het nou gevoel dat hy kan aangaan met sy lewe. Hy het weer getrou en baie oorwinnings behaal. Maar hy het ook moeilike tye beleef.

Want die godin Hera het so jaloers gebly soos altyd. Sy het hom keer op keer probeer ruïneer, vir die res van sy dae.





Toe Hercules gesterf het, het hy 'n finale prys gewen. Hy het die enigste halfgod geword wat ooit toegelaat is om op die Berg Olympus te klim, die plek in die wolke waar die gode gewoon het. Vir al die goeie daade wat hy in sy lewe gedoen het en vir al die teenspoed wat hy in die gesig gestaar het, sou Hercules vir ewig op Berg Olympus lewe, as 'n onsterflike god.





**THINK**  
DIGITAL ACADEMY

